ONS HULDIG ONS HELDE

ONS HULDIG ONS HELDE

Doel

Om die Verkenner te laat kennis maak met die belangrikste Afrikanerhelde en monumente van die Afrikaner

Uitkoms

- Besoek ten minste drie belangrike Afrikanermonumente in jou Verkennerloopbaan
- Elke lid van die span gee 'n aanbieding oor 'n Afrikanermonument (al het hulle dit nie besoek nie) met agtergrond, stories, en beelde
- Elke spanlid gee 'n aanbieding oor 'n Afrikanerheld van keuse met agtergrond, stories en beelde

Doenwenke

- Bestudeer die foto's van die monumente en beelde
- Maak seker jy verstaan wat die doel van monumente is en waarom mense dit oprig
- Besoek soveel moontlik monumente as wat jy kan
- Lees stories en verhale van Afrikanerhelde
- Hou 'n kompetisie vir 'n jaar lank om te kyk wie kan vir die meeste mense 'n storie oor 'n Afrikanerheld vertel

Slaggate

- As jy nie die agtergrondstories van Afrikanerhelde en monumente ken nie
- As jy nie die doel van monumente verstaan nie

MONUMENTE

Dis 'n natuurlike begeerte van 'n volk om sy volkshelde te vereer of om geskiedkundige gebeurtenisse te verewig. Ons Afrikaners hou van monumente, beelde en borsbeelde - beslis nie om te aanbid of om op onnatuurlike wyse te bewonder en te vereer nie, maar ons is trots op die pad wat die Afrikaner tot hier geloop het. Deur die oprig en bewaar van monumente en beelde hou ons die geskiedenis ook vir ons nasate lewendig en spog ons daarmee by toeriste en ander volke. Kom ons kyk na 'n paar monumente wat aan ons behoort en die storie van ons volk vertel.

Die standbeeld van Jan van Riebeeck

Hierdie standbeeld huldig ons volksplanter, Jan van Riebeeck wat op 6 April 1652 in die Kaap aangekom het om 'n verversingspos te stig. Die standbeeld aan die onderpunt van Adderleystraat in Kaapstad, is op 18 Mei 1899 ingewy. Tydens 'n toespraak het die destydse burgemeester gesê: "Hierdie standbeeld mag ons beskou as 'n huldeblyk aan een van die grootste pioniers - 'n pionier wat 'n doeltreffende regering saamgebring het, 'n praktiese beskawing ingevoer het en wat die seën van die Christendom aan hierdie geweldige vasteland van Afrika geskenk het.

Die Hugenotemonument

Die Hugenotemonument by Franschhoek herdenk die koms van die Franse Hugenote na Suid-Afrika. Hulle het om godsdienstige redes uit Frankryk gevlug. In Frankryk het die Franse Protestante alle godsdiensvryheid verloor. Hulle sou nie meer vir eredienste bymekaar kon kom nie. Hulle kerke is verwoes en predikante is uit Frankryk verban. Hulle is verbied om die land te verlaat in 'n poging om hulle te verplig om Rooms-Katolieke te word.

Omdat daar op dieselfde tyd gesoek is vir immigrante vir die Kaap het

hulle hierheen gevlug en so die Christelike geloof saamgebring en hier versterk. Hierdie monument, wat die koms van die Franse Hugenote herdenk, is in 1948 ingewy en het 'n oorwegend Christelike simboliek. Dis egter nie die enigste monument vir die Hugenote nie. Daar is ook die Hugenote Museum in die Paarl, die Hugenote Spuitfontein in Wellington en 'n gedenkteken in Stellenbosch.

Die Voortrekkermonument

Die Voortrekkermonument in Pretoria is seker een van die bekendste monumente van die Afrikanervolk en een van die grootste toeriste-aantreklikhede in ons land. Gerhardt Moerdyk was die argitek en die oprigting het geduur van 1938 - 1949. Die massiewe monument staan binne 'n laer van 64 ossewaens. Voor die monument staan 'n vrouebeeld wat haar kinders beskerm. Binne is 'n marmerfries wat 27 belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van die Voortrekkers uitbeeld.

Onder in die senotaafsaal is die woorde : "Ons vir jou Suid-Afrika". Hierop val 'n sonkol deur 'n opening in die dak presies om twaalfuur op 16 Desember elke jaar. Honderde mense kom jaarliks op hierdie dag daar byeen om die Gelofte van Bloedrivier te herdenk en te sien hoe die son skuif tot dit presies om twaalfuur op die woorde val.

Dis egter nie die enigste Voortrekkermonument nie. Daar is die Voortrekkermonument in Winburg. Die Vrystaatse Voortrekkermonumente-komitee het baie sterk gevoel dat die Voortrekkermonument eintlik in die Vrystaat hoort, want volgens hulle het die Voortrekkers die grootste mate van eenheid in die omgewing van Winburg bereik en die Groot Trek is staatkundig en kerklik daar georden. Daarom is hierdie monument (met die vyf suile wat die Voortrekkerleiers simboliseer) op hierdie terrein opgerig digby die geboortehuisie van president Steyn. Op dieselfde terrein is ook 'n Voortrekkermuseum en 'n amfiteater met sitplek vir 9 000 mense.

Die Bloedriviermonument

Die Slag van Bloedrivier is een van die belangrikste gebeurtenisse in ons volk se geskiedenis. Om die werklike waarde van hierdie veldslag te besef, moet jy eintlik die hele geskiedenis bestudeer. Sarel Cilliers het 'n gelofte afgelê waarin belowe is dat, as God hulle bewaar en hulle die slag teen die Zoeloemagte wen, hulle elke jaar hierdie dag as 'n Sabbatdag sal herdenk en dat hulle 'n kerk sou oprig. Op Sondag 16 Desember 1838 vind die merkwaardige Slag van Bloedrivier plaas. Die gebed is verhoor. Die monument is deur Coert Steynberg geskep in die vorm van 'n kakebeenwa op 'n voetstuk van oplopende trappies, alles in graniet.

Die Bloedrivierterrein is later pragtig ontwikkel en , behalwe vir die monument, is daar ook 'n laer met bronswaens en 'n museum. Dit is in die omgewing van Dundee in Natal, op pad na Vryheid geleë en

beslis 'n besoek werd.



Die Nasionale Vrouemonument
Aan die einde van die Anglo-Boereoorlog het die dodetal gestaan op meer as 4,000 vroue en 22,000 kinders wat gedurende die oorlog en in die konsentrasiekampe gesterf het.

Die Vrouemonument in Bloemfontein bestaan uit 'n gedenknaald met 'n vrouegroep aan die voet daarvan. Die gedenknaald is so opgerig dat dit met die tipiese Vrystaatse topografie, met sy koppies en vlaktes, 'n mooi harmonie vorm.

Tydens die inwyding is dit duidelik gemaak dat die monument nie opgerig is om enigiemand seer te maak of te verwyt nie. Die gedenknaald simboliseer die veredelende strewe en verhewe gedagtes. Die beeldegroep wek deernis by die toeskouers.

By die monument is die oorskot van D.J. Kestell (die Godsman), genl. C.R. de Wet (die krygsman) en pres. M.T. Steyn (die staatsman) begrawe. Ook die oorskot van Emily Hobhouse en mev. Steyn is hier begrawe.

Op dieselfde terrein is die bekende Oorlogsmuseum.

Die Taalmonument by die Paarl
Aan die suidehang van die Paarlberg staan die pragtige Taalmonument wat opgerig is ter ere van Afrikaans. Die monument versinnebeeld kragtige groei en spreek van lewe en die voortbestaan van ons taal wat inhoud aan jou lewe gee. Uit inskrywings in die besoekersboek spreek dit duidelik dat hierdie monument vir die Afrikaanssprekende en ook vir die anderstaliges kulturele en estetiese waarde inhou. Bronsletters op die monument lui: "Dit is ons erns". Hierdie besondere monument is in die Paarl omdat die Eerste Taalbeweging, wat hom beywer het vir die ontwikkeling van die Afrikaanse taal tot skryftaal, hier ontstaan het. Hulle het ook pogings aangewend om die Bybel in Afrikaans te vertaal.

Die Vredesmonument in Vereeniging

Die gedagte aan 'n monument om ons te herinner aan die Vrede van Vereeniging is lank oordink omdat dit selde gebeur dat 'n monument opgerig word om 'n nederlaag te herdenk. Dit is egter nie die nederlaag wat hier herdenk word nie, maar die vreugde wat uit die smart van die nederlaag gebore is - dit het destyds die ontstaan van so 'n monument regverdig.

Die monument stel 'n jong Boerekryger voor wat erg gewond op sy linkersy lê. Uit die wond rys 'n simboliese figuur triomfantelik omhoog, die regterarm hemelwaarts gerig. Tydens die onthulling van die monument is gesê, soos ook by die Vrouemonument, dat daar geen wraaksugtige motiewe agter die oprigting lê nie. Dis die simbool van 'n vegter, die simbool van 'n volk uit wie oorwinning kan spruit, maar ook 'n simbool van oorwinning vir elke mens. Die les wat hierdie monument vir ons inhou, is dat 'n gebeurtenis wat smart en teleurstelling bring, 'n volk dikwels louter

en staal vir hernude bouwerk aan 'n hoër ideaal.

Nog 'n paar belangrike monumente in die geskiedenis van die Afrikaner:

Sarel Cil onstad;

Gelo burg;

Paul Krug toria;

Kaalw kenberg;

ONS AFRIKANERTROTS

Ons het tyd bestee daaraan om sommige van ons geskiedkundige persone en gebeure in herinnering te roep. Soms dink ons dat persone slegs Afrikanerhelde of rolmodelle kan wees as hulle in die verre verlede gesterf het vir dit waarin hulle glo. Ons gaan nou kyk na sommige van die mense wat in die hede of onlangse verlede 'n betekenisvolle verskil gemaak het en sodoende 'n ryker geskiedenis vir my en jou nagelaat het.

Ons ekonomiese leiers

Anton Rupert:
Anthony Edward Rupert is een van Suid-Afrika se suksesvolste en veelsydigste sakemanne van die twintigste eeu. Hy en Nico Diedericks (later Minister van Finansies) begin 'n klein onderneming: Chemiese Reinigersdroogskoonmaakmaatskappy. In 1941 stig Anton Rupert en dr. A.J. Stals (later Minister van Gesondheid) die Voorbrand Tabakmaatskappy- voorloper van Rembrandt. In 1996 het hy beklemtoon dat die Afrikaner selfvertroue moet hê om vertroue te skep: “Ons moet behou wat ons het en weet waarvandaan ons kom as ons wil weet waarheen ons gaan.”

Talle van sy finansiële bydraes in belang van kultuurontwikkeling is stil, sonder vertoon en publisiteit gemaak, maar sy groot stigtings- die Rembrandt van Rijn Kunsstigting (1964), die Sportstigting (1964), Historiese Huise (1966), die Suid-Afrikaanse Natuurstigting (1968) en die Wêreld Natuurstigting- is tot suksesvolle ondernemings ontwikkel.

Dr. Chris Stals:
Dr. Stals dien gedurende 1989 - 1999 as President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en sy handtekening verskyn op alle note wat gedurende daardie tydperk gedruk is. Hy ontvang in 1998 die toekenning “Grand Officer in the Order of the Crown” toegeken deur Koning Albert II van België

Rudolf Gouws:
Rudolf Gouws dien as Direkteur en Hoofekonoom van die Rand Aksepbank Bpk. in Johannesburg. Gedurende sy loopbaan was hy hoof van Die Nedbank Groep, Sentraal Aksepbank en Ekonoom van Standard Bank.

Annique Theron:
Annique is sekerlik een van die suksesvolste sakevroue wat die land nog opgelewer het. Sy word beskou as die Grande Dame in die skoonheidswêreld en voorwaar 'n trots vir Suid-Afrika wanneer sy internasionaal optree en meeding.

Ander ekonomiese rolmodelle:
Marinus Daling van Sanlam, Dirk Hertzog van Distillers, Stef Naudé - President van die Afrikaanse Handelsinstituut, Stéfan Fourie - Hoof Uitvoerende beampte van PricewaterhouseCoopers Suid-Afrika en Jan Fourie - Uitvoerende Direkteur Sasol Bpk.

Ons politieke leiers

Mnr. F.W. de Klerk:
F.W. de Klerk dien as Staatspresident van die RSA 1989 - 1994, as Adjunk-president van die Regering van Nasionale Eenheid (1994 - 1996) en as leier van die Opposisie Party van 1996 tot 1997. Hy ontvang die volgende toekennings:

- Dekorasie vir Uitstaande Diens van die Staatspresident, 1981
- Mede-ontvanger saam met Nelson Mandela van die “UNESCO” Houphouet-Boigny Peace Prize, 1991
- “Prix de Courage Intl”, 1992
- “Philadelphia Liberty Medal” van President Clinton, VSA, 1993
- Mede-ontvanger saam met Nelson Mandela van die Nobel Vredes Prys, 1993

Ander politieke leiers:
Dr. D.F. Malan, Adv. J.G. Strijdom, Dr. H.F. Verwoerd, Mnr. P.W. Botha, Dr. Pieter Mulder

Ons sportleiers

Jean-Jacques Terblanche:
Gedurende 1994 verbeter hy 'n wêreldrekord in swem. Hy verteenwoordig SA by die Paralimpiese Spele in Atlanta gedurende 1996 waar hy 'n goue medalje in die 200m individuele styl en 'n brons medalje in die 100m vlinderslag wen. Jean-Jacques ontvang 'n spesiale toekenning van president Nelson Mandela by die Presidensiële toekenningseremonie vir prestasies in Atlanta in 1996. Hy ontvang in dieselfde jaar die toekenning vir die Sportman van die Jaar vir Skole van Die Metro.

Fanie de Villiers:
Fanie de Villliers het vir jare aandag getrek as snelbouler vir die Suid-Afrikaanse krieketspan. Na sy uittrede uit beroepskrieket het Fanie voltyds betrokke geraak by fondsinsamelingsprojekte vir minderbevoorregtes waaronder die gehoorgestremde gemeenskap.

Ander sportleiers:
Francois Pienaar (gewese Springbokkaptein en self ook 'n PV), Mannetjies Roux (oud-Springbok oor wie Laurika Rauch sing), Retief Goosen (gholfer), Oscar Pistorius (Gestremde Olimpiese atleet), Ryk Neethling (Olimpiese goue medaljewenner)

Ons musiekleiers

Mimi Coertze:
Mimi Coertze was Suid-Afrika se eerste prima donna van die opera. Sy was ook die jongste sanger in die geskiedenis van die Staatsopera wat in die permanente ensemble gesing het. Haar rustelose gees het tot lidmaatskap van talle komitees gelei. Sy het ook die Mimi Coertze-beurs in die lewe geroep wat baie Suid-Afrikaners in staat stel om hul studie in Europa voort te sit en hul eie loopbaan te begin.

Johan Stemmet:
Tesame met Johan van Rensburg stig hulle 'n televisieproduksiemaatskappy wat verantwoordelik is vir die opnames van die immergewilde musiekprogram “Noot vir Noot”.

Steve Hofmeyr:
Dié omstrede Suid-Afrikaanse sanger, akteur, liedjieskrywer, aanbieder, digter, skrywer en aktivis spog met verkope van meer as een miljoen CD's en 'n SAMA-toekenning vir die beste verkoper in Suid-Afrika in 2004. Die hoogtepunt was egter toe Steve die groot Suid-Afrikaanse musieklegendes van eergister geëer het in 'n huldeblyk getiteld TOEKA 1 en TOEKA 2.

Ander musiekleiers:
Gé Korsten, Theuns Jordaan, Dozi, Coenie de Villiers, Annelie van Rooyen, Mathys Roets, Lukas Maree, Jannie du Toit, Christa Steyn, Koos du Plessis, Gert Potgieter, Carika Keuzenkamp en Nicholis Louw.

Toneel en drama

Katinka Heyns:
Katinka Heyns is 'n bekroonde aktrise, regisseur en vervaardiger van films. Sy het aanvanklik die harte van die Suid-Afrikaanse gehoor gewen met haar spel in “Katrina” en die televisiereeks “Willem”. Sy word ook vereer vir haar werk in haar eerste bekende film “Fiela se kind” en “Die storie van Klara Viljee”. Haar film “Paljas” was die heel eerste Suid-Afrikaanse film wat aanvaar is as 'n inskrywing in die Oscar Toekennings in die kategorie “Beste Buitelandse film”.

Jamie Uys:
Hy was 'n outeur, vervaardiger en regisseur wat sedert 1960 vir homself en vir Suid-Afrika naam gemaak het. Hy het nie minder nie as 24 films gemaak, maar dié waarvoor hy die beste onthou sal word, is die skreeusnaakse “Funny People” en “The Gods must be Crazy”.

Ander toneel en dramaleiers:

Paul C Venter, Tolla van der Merwe, Pieter Pieterse, Marius Weyers, Anna-Mart van der Merwe, Dawid Minnaar, Tobie Cronjé, Jan Ellis, Anrich Herbst en Wilna Snyman.

Ons medici

Dr. Chris Barnard:
Die wêreld ken die naam Chris Barnard - hy is een van die beroemdste Suid-Afrikaners van alle tye! Die wêreld se eerste suksesvolle hartoorplanting op Louis Washkansky, die nag van 3 Desember 1967, het 'n onverwagse verandering in dié chirurg se lewe teweeg gebring. Teen die tyd dat hy die eerste hartoorplanting gedoen het, het hy reeds meer as 'n duisend opehartperasies - waarvan die meeste op kinders was- gedoen. Ses maande voor die eerste hartoorplanting het hy die eerste nieroorplanting in Suid-Afrika gedoen. Meer as 41 000 hartoorplantings is reeds by 297 sentra oor die wêreld gedoen -en dr. Chris se metode word vandag nog net so gebruik!

Ander mediese leiers:
Dr. Susan Vosloo

Ons godsdiensleiers

Ds. Solly Ozrovech:
Ds. Solly Ozrovech het reeds meer as 54 titels, met 154 herdrukke, agter sy naam met 'n totale afset van 1,2 miljoen boeke. Sy tien topverkopers is as 'n diamantreeks uitgegee en het ook in Engels verskyn. Dit het alles begin met telefoonbandjies waarop geestelike boodskappe vir soekende mense beskikbaar gestel is toe hy as jong predikant in Somerset-Wes aangekom het. Dit was só gewild dat die destydse NG Kerk-Uitgewers dit in boekvorm uitgegee het. Dis vandag nog so gewild dat dit jaarliks herdruk word en in die diamantreeks ingesluit is.

Prof. P.J. Strauss:
Prof. P.J. Strauss van die Fakulteit Teologie aan die Vrystaatse Universiteit dien ook as moderator van die NG Kerk, lid van die dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie, geliefde Hoofleier van Die Voortrekkers en predikant van die NG Kerk de Bloem. Hy het 'n besondere gawe om aanklank te vind by mense van enige ouderdom en dra die Christelike boodskap oor aan almal wat hom teëkom. As gewilde Christen-Afrikaner ontvang hy in 2005 die ATKV Afrikoon-toekenning.

Ander godsdienstige leiers
Dr. Murray Janson, Prof Johan Heyns, Dr. Pieter Bingle, Dr. Stefan Joubert, Prof. Piet Dreyer.

Ons skrywers

Audrey Blignault:
Audrey Blignault is reeds vir meer as 50 jaar 'n vriendin in die huis van meeste Afrikanervrouens. Die humor in al haar werke maak dit steeds van die populêrste en gesogste boeke om op 'n rak te hê.

Piet van Wyk:
Piet van Wyk glo in die Kultuuropdrag wat God aan die mens in Genesis gee - vandaar sy liefde vir die natuur, die veld en veral die bome van Suid-Afrika. Heelwat boeke en artikels uit sy pen is wêreldwyd ontvang, in 'n vasberade poging om ons natuurerfenis te bewaar. Seker die grootste van sy werke is die gesaghebbende botaniese werk: “Bome van die Nasionale Krugerwildtuin”. Met hierdie gids lewer hy 'n onskatbare bydrae tot ons waardering en bewaring van die natuur en terselfdertyd is dit 'n wonderlike bron van inligting in Afrikaans.

Ander skrywers:
NP van Wyk Louw, Etienne le Roux, Hans du Plesss, Maritha van der Vyver, Jan Spies, Boerneef, Jan FE Cilliers, DJ Opperman, C[illegible]enhoven, Maretha Maartens, Antjie Krog, Dalene Matthee, PG du Plessis en FA Venter.